November 2012

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Ek het onlangs 'n ongelooflike boek present gekry. Dit is 'n baie lywige boek, meer as 9cm dik, getiteld "The Rand-Pretoria Directory 1957. Comprising the complete Alphabetical and Trades directories of Johannesburg, Pretoria and the Reef towns."

Dit het my ver in die verlede teruggevoer. Ek kon ons adres in Rachel de Beerstraat daarin opspoor en ook die name van al ons bure. Ek was toe nog in die laerskool en oorkant ons het my wiskunde-onderwyseres, mev. Minnaar, gewoon. Ek bewe nou nog as ek aan haar dink, maar ek ken nog steeds al die tafels wat sy by ons ingedril het.

Terugvoering op verlede maand se brief van Dr. Theo van Wyk
Wierda het die brug uit Duitsland bestel, maar dit is gedurende die oorlog in Durban se hawe deur die Engelse gekonfiskeer.

Na die konfiskering het die Engelse wel besluit om die brug te bou en dit na Koningin Victoria te vernoem, wat toe nog gelewe het. Die brughoofde is wel deur Wierda gebou. Die brug is deur 'n rede onbekend in 1911 met die huidige brug vervang. Koos Erasmus het my van die inligting voorsien. Oor die spoorbrug soek ek nog bietjie inligting.

Groete, Dr. Theo van Wyk

---

**4. Pretoria Gister en vandag** [Pretoria News, 1988-02-19]




**Tilanus & Van Griethuijsen se winkel**

Change and change again

In the late 1880's Messrs Tilanus and Van Griethuijsen started a wine and spirit importing business on the south-eastern corner of the intersection of Skinner and Paul Kruger (then Market) Streets. Their original building is shown above.

The firm also sold furniture, groceries and tobacco. In 1902 Van Griethuijsen retired, leaving Tilanus as the sole proprietor. Tilanus later sold part of the business but retained the wine and spirit department. On the first floor there was a "School of Shorthand".

Around the 1920's certain constructional changes were made to the building (picture below) but the corner shop remained a bottle store until the early 50's when the Shankman family bought the premises.




Although the building was named the Urban Building (and housed at least two well-known furniture stores over a period of several years), it was still commonly known as Tilanus corner. In 1979 the Shankman family had it demolished to make way for a modern structure which could house the family's furniture business (picture below).



Tilanus & Van Griethuijsen

Volgens ‘n adresboek van 1889 was die besigheid in daardie jaar in ‘n gebou aan die oostekant van Markstraat naby Schoemanstraat. Hulle het toe hoofsaaklik kruideniersware verkoop. Die enigste werknemers word aangegee as E.D. Tilanus en C.J. van Griethuijsen. Die gebou het in ongeveer 1898 afgebrand. [Dun-01 p12; p215; p220]

In Longland se adresboek van 1899 word by die ou adres net aangedui “two burnt-out stores” en by die nuwe adres – “Tilanus & van Griethuijsen, grocers”. In daardie selfde jaar het E.D. Tilanus in Proesstraat-oos gewoon en Van Griethuijsen in Parkstraat, Arcadia [Lon-1 p49; p53; p133; p171].

Dit is nie seker presies wanneer hulle die nuwe gebou op die hoek van Mark- en Skinnerstraat gebou het nie. Die besigheid het nou uitgebrei en hulle staan nou bekend as algemene invoerders en drankhandelaars. Behalwe kruideniersware verkoop hulle nou ook meubels, matte, en breekware.

In 1913 was die erf in drie dele verdeel en het behoort aan E.D. Tilanus, P. van den Berg en E. Bourke. Tilanus het die grootste gedeelte van die erf besit en die waarde van die grond word aangegee as £7150, en die waarde van die gebou as £4850 [Val-01 p35]. Volgens Lochhead’s se adresboek van 1913 was daar vier besighede op die erf, nl. “Tilanus and Van Griethuijsen, General Dealers, Groceries and Hardware”, “Tilanus and Van Griethuijsen, Bottle Store”, “H. Levy, Second-Hand Dealer”, en “J. Richards, Outfitter” [Loc-01 p263]. Nie Tilanus of van Griethuijsen se woonhuise word aangedui nie, dus kan ons aanneem dat hulle nie meer in Pretoria woonagtig was nie.

Tilanus

Eduard Diederik Tilanus is op 14 September 1862 in Amsterdam gebore en op 17 September 1934 in Pretoria oorlede. Hy open in 1888 saam met Van Griethuijsen ‘n kruideniers- en ‘n drankwinkel in Pretoria. Eduard is begrawe in die Kerkstraat Begraafplaas in Pretoria en sy dogtertjie, Marie Johanna, wat op driejarige ouderdom oorlede is, is saam met hom begrawe. [And-03 p73; Plo-02 p119].

De Jongh meld dat Eduard se vrou Augusta bekend was as ‘n sangeres. [Dej-02 p276].

Die volgende kom uit ‘n brief, gedateer 1 Julie 1898, van G.A.A. Middelberg, voormalige direkteur van die N.Z.A.S.M. “Gisteren avond liet zich voor het eerst bij ons hooren juffrouw van Griethuyzen (suster van Van Griethuyzen, venoot in die firma Tilanus en Griethuyzen, ‘n kruidenierswinkel op die suid-oostelike hoek van Markt- en Skinnerstraat, later getroud met Tilanus)” [Pr-26 p33]. Let op die spelling van Van Griethuijsen.

Van Griethuijsen

Izak Carel van Griethuijsen [Griethuyzen] is in 1863 in Amsterdam gebore en op 10 Augustus 1939 in Pretoria oorlede. Hy kom in 1888 na Pretoria en open saam met Van Griethuijsen ‘n kruideniers- en drankwinkel. ‘n Paar jaar voor 1939 onttrek hy hom aan die besigheid. Hy was ongetroud. [Plo-02 p133].

**Advertensies**
Hier volg 'n paar advertensies wat in 1888 en 1889 in die koerante verskyn het. Let op na die spelling van Van Griethuijsen. Dit lyk asof die koerantmense nie geweet het hoe om dit te spel nie – eers later is die spelling soos ons dit vandag ken, gebruik.

**De Volksstem, 1889-01-07**

TILANUS & VAN GRIETHUISEN

Markstraat – Pretoria

ALGEMENE INVOERDERS
Onrvangen weder eene groote partij

Kinderboeken met beweegbare prenten

Bordeaux-, Rijn- en Champagne Wijnen,

Chocolade en Suikerwerken van Bensdorp & Co.

Worst, Rookvleesch en Groenten in blik,

Goudsche Kaas en Oude Jenever.

Klokken, Horloges en Muziekdoozen

Glaswerk, Spiegels, Lijsten en Platen

--------------------------------------------------------------------------------

**En in diesefde koerant:**

Ontvangen weder eene groote partij Fransche en Duitsche Wijnen, welk als volgt worden verkocht:

| | | | |
|---|---|---|---|
| St. Jullien | …… | …… | 42s per dozijn |
| Pauillac | …… | …… | 50s per dozijn |
| Petit Bourgogne | | …… | 60s per dozijn |
| Rudesheimer …… | | …… | 55c per dozijn |
| Liebfraumilch …… | | …… | 54s per dozijn |
| Steinberger Cabinet | | …… | 65s per dozijn |

--------------------------------------------------------------------------------

**De Volksstem, 1989-02-28**

BRANDVERZEKERINGS-MAATSCHAPPIJ
**"NEDERLANDSCHE LLOYD."**
Gevestigd te Amsterdam
Kapitaal - - - - f 4,000.000
Hoofdagenten voor de Transvaal
**TILANUS EN VAN GRIETHUYSEN**
Waar nadere bijzonderheden te verkrijgen sijn.

--------------------------------------------------------------------------------

**De Volksstem, 1989-03-21**

**TABAK**

Tilanus & Van Griethuijsen
Markstraat, Pretoria

Belasten zich met het kerven van Tabak en hebben steeds voorhanden
beste rol- en gekerfde Tabak

**De Volksstem, 1989-05-30**

Tilanus & Van Griethuijsen
Algemene Invoerders, Markstraat, Pretoria
Ontvangen Heden:
Prachtig gelijkende portretten
van
**ZHED. PRES. S.J.P. KRUGER**
en
**GENERAAL SMIT,**
in fraaie lijsten

-------------------------------------------------------------------

**De Pers, 1989-10-19**

**ST. NICOLAAS**
**en**
**Kerstmis**

Zij, die Vrienden in Holland eene verrassing willen bezorgen, behoeven slechts Twee Pond te zennden aan Tilanus & van Griethuijsen, Markstraat, Pretoria, en deze laten op genoemde Feestdagen aan eenige adres in Holland, franco bezorgen, een Kistje met twaalf Flesschen dilicieuse Kaapssche Wijnen van de firma Joh. M. Prillevitz.

Bronnelys


| | |
|---|---|
| And-03 | Andrews, Tom. 1994. **God's Acre. Church Street Cemetery.** |
| Dej-02 | De Jong, R. C. 1980. **Kulturele lewe van die Pretoriase Nederlanders.** Verhandeling, Universiteit van Pretoria. |
| Dun-01 | Dunston, L. 1975. **Young Pretoria 1889-1913.** Pretoria: Lola Dunston. |
| Loc-01 | **Lochhead's Guide, Hand-book, and Directory of Pretoria, 1913**. Pretoria: Transvaal Reliable Agency. 1913. |
| Lon-01 | **Longland's Pretoria directory for 1899.** Pretoria: State Library. 1979. |
| Plo-02 | Ploeger, Jan. 1944. **Nederlanders in Transvaal [1850-1950].** Pretoria: J.L. van Schaik. |
| Pr-26 | Rex, H.M. 1958. **Musiekaande by die familie Middelberg in die Z.A.S.M.-Huis, Pretoria.** Pretoriana, Nommer 26 & 27. |
| Val-01 | 1913. **Valuation Roll of Municipality of Pretoria**. |


Groete tot volgende maand, Rosa Swanepoel

----------------------------------------------------

Die volgende van Helen Myburg

Het u geweet MAMELODI, die “Township” 16 km van die middestad van Pretoria, se eerste naam was Vlakfontein, maar dis in Julie 1962 herdoop na: Mamelodi “after Pres. S.J.P. (Paul) Kruger, known to the Africans by this name; ‘father of whistling’ or ‘man who can imitate birds.’“

Bron: “New Dictionary of South African Place Names” by Peter E. Raper.